



Innovasie en inburgering tydens taalverandering

Bertus van Rooy



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
VAAL TRIANGLE CAMPUS

Oorsig

- Die onderskeid tussen innovasie en inburgering
- Voorbeelde van innovasie
- Voorbeelde van inburgering
- Die rol van normatiewe bronne en normeers by taalverandering
- Is daar algemene beginsels?

Taalverandering: innovasie en inburgering

- Taalverandering (1): lank-lank gelede het 'n taal 'n woord, uitdrukking of grammatikale vorm bevat, maar deesdae is dit nie meer daar nie:
 - *zij* as meervoudsvorm van die 3e persoon persoonlike/besitlike voornaamwoord word nie meer in Afrikaans aangetref nie (→ *hulle*)
 - Engels het SV inversie gehad by direkte en indirekte rede as die rapporteringsin ná die aanhaling staan:
“Hadn’t we better change the name, Bain,” said I when he had gone, “and call this ‘Orthis Kloof?’”

Taalverandering: innovasie en inburgering

- Taalverandering (2): lank-lank gelede het 'n taal nie 'n bepaalde woord, uitdrukking of grammatikale vorm bevat nie, en nou is dit daar:
 - *LOL, LMGA/ROFL*;
 - "*Ek sien Ø Afrikaans is aan die verander*" teenoor "*Ek sien dat Afrikaans aan't verander is*"

Taalverandering: innovasie en inburgering

- Twee stappe is noodwendig in taalverandering, en moet onderskei word:
 - Innovasie: 'n nuwe vorm kom tot stand
 - Inburgering: die nuwe vorm versprei onder taalgebruikers en word algemeen
- Innovasie: *hulle/zulle; se*
- Inburgering: vervang '*zij*', *-s* oor tyd (ongeveer 1880-1920 vir *zij/hulle; se* is steeds besig om meer en meer funksies in Afrikaans te vervul)

Taalverandering: innovasie en inburgering

- Nadat innovasie plaasgevind het, ontstaan daar 'n nuwe variant wat dikwels in kompetisie met 'n bestaande vorm is – d.w.s. meer variasie is die gevolg
 - *Hoe zullen zij horen, zonder die hun predikt? en hoe zullen zij prediken, indien zij niet gezonden worden? teenoor*
Hoe sal hulle hoor, sonder dié wat preek? En hoe sal hulle preek, indien hulle nie gestuur word nie?
 - Hulle/hul; julle/jul?
 - "xxx" said I vs. "xxx" I said;
"yyy" said the man vs. "yyy" the man said

Taalverandering: innovasie en inburgering

- Soos verspreiding plaasvind, kan 'n ouer vorm uit die taal verdwyn, of kan die ouer vorm en die nuwe vorm funksionele herallokasie ondergaan, en 'n nuwe staat van vreedsame naasbestaan bereik
 - *Zij* as meervoud verdwyn
 - -s as genitief word beperk tot kerkregister: *Gods rykste seën, Gods genade*
 - Attributiewe –e teenoor Nederlandse adjektiewe infleksie
- Maar
 - *Hulle* vs *hul* bly steeds in beide funksies in gebruik

Innovasie

- Ontstaan van nuwe vorme:
 - Nuutskepping?
 - **Ontlening** uit 'n ander taal – eenvoudig om raak te sien by woordeskat, meer kompleks wanneer dit oor grammatikale patrone handel.
 - Woordeskat: *plesier, schadenfreude, impala, donga; hardware, sagteware, sleutelbord, muis*

Innovasie

- **Ontstaan van nuwe vorme:**
 - Die voorvaders het die Anglisisme byna tot die status van die tien gebooie verhef, en die sondes van hierdie voorvaders is nog tot in die derde en vierde geslag met ons
 - Grammatika: *weglating van dat, dat+SVX, WH+SVX*
 - Le Roux (1948: 238): "Een van die hinderlikste anglisismes van die laaste tyd is die weglating van die voegwoord *dat* en dis totaal onnodig: ons moet eers weet wat die mense dink *ons is* (=dat ons is)."

Innovasie

- **Ontstaan van nuwe vorme:**
 - **Analogie** van bestaande patrone in die taal:
 - *hulle* kom uit *hun-lui* (hulle mense) – hoewel daar ook ooreenkomstige dialektiese vorme in Nederland is, versterk deur analogie met *julle*
 - Korter vorm *hul* is soortgelyk aan eensillabige Nederlandse vorme *hen/hun/z'n*; en dan kry Afrikaans die verkorting van *julle* na *jul*, na analogie van *hulle/hul*, wat onbekend is aan Nederlandse *jullie*

Innovasie


- **Ontstaan van nuwe vorme:**
 - **Veralgemening/vereenvoudiging:** Afrikaans kies eenvormige Onderwerp/Voorwerpvorm van voornaamwoorde in meervoud, historiese Akkusatief (*ons*), en parallel daaraan *hulle*; geen *wij/zij* meer nie
 - vgl Engelse *we/us; they/them*;
 - **Uitbreiding:** Engels brei vaste SVX woordorde na direkte en indirekte rede uit (maar kan ook as vereenvoudiging van variasie beskou word); Afrikaans brei besitlike voornaamwoord *zij* uit na algemene besitspartikel *se*

Inburgering

- Nuwe vorme versprei deur die taalgemeenskap
 - Sosiale proses, gedryf deur prestige, solidariteit, beeld wat gebruikers implisiet of eksplisiet probeer uitdra
 - Soms ondersteun deur funksionele uitbreiding van taal – nuwe registers, nuwe gebruikskontekste

Inburgering

Quotative inversion in non-initial reporting clauses with pronouns in WSAfE (all three registers)




	19th (1)	19th (2)	20th (1)	20th (2)
V+P ("said she")	7	29	0	0
P+V ("she said")	18	47	119	108

- Afname oor tyd van SV-inversie by rapporteringsinne met voornaamwoordelike onderwerpe – einde van 19e eeu neem dit gewoon dramaties af en verdwyn

Inburgering


Quotative inversion in non-initial reporting clauses with noun subjects in WSAfE (all three registers)



■ V+N ("said the woman")	8	25	58	66
■ N+V ("the woman said")	1	7	24	62


- Afname oor tyd van SV-inversie by rapporteringsinne met naamwoordelike onderwerpe – geleidelike afname sedert 19e eeu
- Grammatikale onderskeid van tipe onderwerp (voornaamwoord / naamwoordstuk) beïnvloed spoed van taalverandering

Inburgering



- Afname van *van* en toename van *se* oor die twintigste eeu
- Onderste twee lyne wat styg – *se*, boonste twee dalende lyne – *van*
- Semantiese faktor – "sielhebbendheid" speel 'n rol, *se* meer uitgebreide rol by sielhebbende as siellose "besitters"

Inburgering



- Afname in gebruik van *van*, die kompeteerder van *se*, per register, om die patroon van registersverspreiding te toon
- Hoe meer formeel die register, hoe waarskynliker bly die keuse vir *van* eerder as *se*

Normatiewe bronne

- Klassieke begrip: om opsionele variasie uit te skakel, om eenduidige vorm-funksie-pare te kies
- "Beginsels": logika, tradisie, funksionaliteit
 - Voorbeeld: Le Roux (1948: 208): “Gebruik wat bots met die wese van ons taal en daarom vermy moet word”
 - Le Roux (1948: 209) merk op dat Scholtz in AKE volume I, p. 36 beswaar maak teen die kunsmatige skeiding tussen “hulle” as persoonlike en “hul” as besitlike voornaamwoord, waarmee Le Roux saamstem, maar dan:
Ten spyte van sy so tydige en noodsaaklike waarskuwing het die uitgewers egter in sy hele artikel – en versover ek gesien het in die hele boekdeel – dwarsdeur die kunsmatige en volkome onnodige en hinderlike skeiding gehandhaaf.

Normatiewe bronne

- Vraagbysinne:
- Advies 1: *Die Korrekte Woord 1991*
- In sowel die spreek- as die skryftaal het die vraagbysin (gekursiveer) die volgorde: (Daar is vasgestel) *wie die boeke geneem het*, of die volgorde ... *wie het die boeke geneem*. Die tweede tipe het die oorwig in die spreektaal en hoef geensins in die skryftaal gebrandmerk te word nie.
- Gebruik as "beginsel"

Normatiewe bronne

- Vraagbysinne:
- *Advies 2: Skryf Afrikaans van A tot Z 2013*

40. (a) Hy het nie gaan kyk hoe lyk sy nie.
(b) My vraag is hoe het hy daar beland?

In albei voorbeelde is die woordorde verkeerd. Omdat die ww. of hulpww. in die tweede sinsdeel verkeerdelik voor die onderwerp geplaas word, kom 'n stelling in vraagvorm pleks van stellingvorm voor

Die regte woordorde is:


- (a) Hy het nie gaan kyk **hoe sy lyk** nie.
(b) My vraag is **hoe hy daar beland het**. OF: My vraag is: **Hoe het hy daar beland?**

- Logika as beginsel

Normeerders

- Komplekse, diverse rolle van taalversorgers/ teksredakteurs, waaronder taal hersien om met model ooreen te stem
 - Gebruik bronne, intuïsie, ervaring
 - Openbare oog val op klein deelversameling sjibbolette, oënskynlike rol
 - Implisiet, as deel van ander take, verbetering van stelwyse, waardeur meer vrye keuse ook deurskemer
- Ander 'hekwagters' se rolle meer opportunisties en fragmentaries, verteenwoordig hoofsaaklik waardeoordele wat in sommige kontekste vir gebruikers belangrik mag wees
- Preskriptivisme speel 'n rol, maar daar is nie 'n reglynige verband tussen voorskrifte en taalverandering nie

Normeerders – meer genuanseerd



Algemene beginsels?

- Logika en funksionaliteit
- Prestige en solidariteit
- Gemak ("luiheid"), oftewel optimering?
- Mentale representasie van taal – eenheidsvorming
- Toevalligheid ("randomness")

Erkennings

- Johanita Kirsten, PhD 2016, voorbeelde oor *van/se* en baie data kom uit haar werk
- Haidee Kruger, my navorsingsvennoot, saam met wie ek die navorsing gedoen het waar byna al die ander voorbeelde vandaan kom; deur haar kon ek heelwat leer oor die rol van redaksionele prosesse en normatiewe bronne wat andersins vir my as akademiese taalkundige nie toeganklik sou wees uit die ivore torings nie

Verwysings

- Kirsten, Johanita. 2016. Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. PhD proefskrif.
- Kruger, Haidee & Van Rooy, Bertus. 2016. Syntactic and pragmatic transfer effects in reported-speech constructions in three contact varieties of English influenced by Afrikaans. *Language Sciences* 56: 118-131.
- Kruger Haidee & Van Rooy Bertus. 2017 Editorial practice and the distinction between error and conventionalised innovation in New Englishes: The progressive in Black South African English. *World Englishes* 36(1): 20-41.
- Van Rooy, Bertus & Haidee Kruger. 2016. Faktore wat die weglating van die Afrikaanse onderskikker *dat* bepaal *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* /56(1): 102-116.
- Van Rooy, Bertus & Kruger Haidee. 2016. The innovative progressive aspect of Black South African English: The role of language proficiency and normative processes. *International Journal of Learner Corpus Research* 2(2): 205-228.